**Die genadeverbond met Adam (1)**

**Gen 3:8-15**

**30 April 2023**

1. Vantevore: Die duiwel het Eva verlei deur agterdog, halwe waarhede en volslae leuens en God se karakter aan te tas. Eva was ongehoorsaam – het haar ore aan duiwel uitgeleen, eie oordeel meer vertrou as God s'n, eie ideale nagestreef. Adam was ongehoorsaam deur te eet, deur sy vrou gelei te word, deur nie die tuin te bewaak nie.
2. God konfronteer vir Adam en Eva (Gen 3:8-13)
    a. Dit is die Here God, die Verbondsgod, wat Adam en Eva konfronteer
    b. God is nie afhanklik van die mens se oordeel oor Hom nie, die mens is wel afhanklik van God se oordeel oor hom.
    c. Adam en Eva erken nie skuld nie, maar beskuldig eerder ander partye
    d. Die Here God konfronteer eerste vir Adam – as die hoof van sy huwelik met Eva
3. God se verbond van verlossing
    a. God het reeds in Gen 1-2 soewerein skeppingsverbond gesluit met die mens – dit was 'n werksverbond waar die mens suksesvol God se opdragte moes voltooi.
    b. Het sondeval 'n einde gebring aan die skeppingsverbond en God se skeppingsdoel?
    c. Nee, God se skeppingsdoel en skeppingsopdragte staan steeds
    d. Meganisme waarvolgens verbond werk, verander: God neem verantwoordelikheid oor van die mens, en sal uitkoms uit genade aan mens toereken
    e. Sodoende sal God selfs meer heerlikheid waardig wees
    f. Verbond met Adam na die sondeval is eerste deel van God se verlossingsverbond
4. Die verbond met Adam
    a. Gelyktydig met God se oordeel oor die slang, inisieer Hy Sy verbond met Adam, en dus Sy verlossingsverbond.
    b. Gen 3:14 – handel primêr oor die slang (d.i. die dier, nie die duiwel nie)
        - Die slang wat seil en stof eet is simbool van vernedering en ondergang van die duiwel (soortgelyk aan die reënboog in die Noagverbond)
        - Gen 3:15 – God stel vyandskap tussen.... – 'n Genadehandeling van God
    c. God stel vyandskap tussen drie groepe/partye:
        - Tussen "jou" en die "vrou"
            - "Jou" = duiwel, "vrou" = Eva
            - Redes: (1) Eva het eerste gesondig (2) Voorkom dat Adam Eva verag (3) Uit Eva se nageslag sal die Een gebore word wat die duiwel oorwin
        - Tussen "jou nageslag" en "haar nageslag"
            - Alle mense is fisiese nageslag van Eva, maar
            - "haar nageslag" = mense wat vyandskap met duiwel het, "jou nageslag" = mense wat nie vyandskap met duiwel het nie (vgl 1 Joh 3:11-12, Luk 3:7, Joh 8:44)
        - Tussen "Hy" en "jy"
            - "jy" = duiwel; "Hy" = nageslag van die vrou (vgl Rom 16:20), of 'n Individu (enkelvoud, manlik)
            - Beide "Hy" en "jy" wil ander party vernietig; "Hy" het beter strategie
            - "Hy" = Jesus Christus (vgl 1 Kor 15:22, Kol 2:14-15, Op 20)
5. Implikasie: Oënskynlik wrede gebeure in OT moet gesien word in die lig van hierdie stryd